

# Voordele vir swangerskap en babas

medihelp

120+ JAAR

**Medihelp ondersteun verwagtende en nuwe mammas met spesiale voordele vir swangerskap en babas. Ons stap ook saam met jou die Ouerskapreis. Hierdie voordele is op alle planne behalwe MedMove! beskikbaar.**

## Jy het hierdie voordele

1. Bykomende versekerde voordele
2. Dag-tot-dag-voordele
3. Geboorte- en hospitaalvoordele
4. Toegevoegde waarde

## Bykomende versekerde voordele

Bo en behalwe jou dag-tot-dag-voordele, het jy ook swangerskap- en babavoordele. En met Ouerskapreis bied ons nog meer ondersteuning.

### Tydens jou swangerskap

- 8 of 10* voor- en nageboortekonsultasies by 'n vroedvrou, huisdokter of ginekoloog
- 1 of 2* voor- en nageboortekonsultasies by 'n dieetkundige, borsvoedingspesialis of voorgeboorteklasse
- 2 2D-ultraklankskanderings
- Gehoortoets vir babas tot en met 8 weke binne en buite die hospitaal
- 9 maande se voorgeboorte-ysteraanvullings
- 9 maande se voorgeboorte-foliensuuraanvullings
  (* afhangend van jou plan)

### Baba

- 2 besoeke by 'n pediater*, huisdokter of oor-neusen-keelspesialis* vir babas jonger as 2 jaar.
- Standaardimmuniserings vir kinders jonger as 7 jaar.

## Dag-tot-dag-voordele

**Alle planne:** Volgens die beskikbare bedrag in jou spaarrekening (as jou plan 'n spaarrekening het) en/of dag-tot-dag-voordele van jou betrokke plan.

(MedPrime Elect, MedAdd Elect en MedVital Elect: bybetaling van 35% as jy 'n huisdokter gebruik wat nie in die netwerk is nie.)

## Geboorte- en hospitaalvoordele

Geen oorhoofse jaarlikse limiet nie en dekking vir keisersneegeboortes

- Aparte, gespesifiseerde voordeel vir tuisgeboorte
- Voordele word teen 100% van die Medihelp-tarief betaal
- Vaste voordeelbedrag vir voorskrifmedisyne om huis toe te neem wanneer jy uit die hospitaal ontslaan word
  (MedPrime Elect, MedAdd Elect en MedVital Elect: bybetaling van 35% as jy 'n hospitaal gebruik wat nie in die netwerk is nie.)

## Onthou asseblief

- Kry voorafmagtiging vir die bevalling (beplande hospitaalopname óf tuisgeboorte) om bybetalings te vermy.
- Registreer jou pasgebore baba binne 90 dae ná die geboorte.

## Toegevoegde waarde

Jy kan op ons Ouerskapreis inskryf om die volgende te kry:

- 'n Oorsig van jou beskikbare voordele, met toepaslike ondersteuning
- Gereelde inligting oor elke fase van jou swangerskap
- Hulpmiddels om jou baba se ontwikkelingsmylpale dop te hou
- Boodskappe om jou van jou kleinding se inentings te herinner
- Toegang tot die Parent Sense-toepassing
- Toegang tot 'n persoonlike digitale assistent om jou deur die vroeë dae van ouerskap te help

medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738).

MHKF001 SEPT 2025